**Saterdag 28 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 2; 1 Tessalonisense 4:13-18 | Fokusgedeelte: Openbaring 2:10, 11 |
|---|---|

## Ons het geen vrees vir die dood nie (3)

*Wat is die tweede dood waarvan die Bybel praat – dit wat geen houvas op die ware gelowiges het nie?*

U het al opgelet dat die Bybel ’n paar keer sê dat die gelowiges eerste opstaan uit die dood. Hulle liggame word op God se bevel eerste opgewek en met hulle siele verenig. Hulle gaan die Here dan tegemoet in die lug – hulle word dus deur Hom weggeneem van die aarde af (1 Tess. 4:13 vv).

Dan gaan die opstanding verder: die res van die mense staan ook op, op God se bevel. Hulle liggame en siele word ook met mekaar verenig. Maar hulle eindbestemming en hoe hulle hanteer word om daar te kom, is heeltemal ’n ander saak. Wat nou van ons? Is daar hoop vir die nuwe jaar wat ek moet ingaan?

Die Here Jesus Christus openbaar Homself as ’n lewende Redder wat meegevoel het met ons pyn, en ook self daarmee moet meelewe. Hy openbaar Hom as die Een wat reeds die dood oorwin het, en wat ons ook oor die dood gaan laat oorwin – dit is die betekenis van hierdie brief. Hy gee ons insig in ons geloof en roeping – sodat ons met vaste voetval die nuwe jaar kan ingaan.

Die Here weet van al ons moeilikheid en vrese in die lewe, maar Hy bemoedig ons. Hy wil hê ons moet weet en glo dat die smarte ’n grens het wat dit nie kan oorsteek nie, maar ons gaan deur sy verdienste daardie punt verbysteek, en dan gaan ons sonder hartseer en smarte by Hom wees in ewigheid.

*Sing: Psalm 72-1:11*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*